



Die ADV reik uit in Krugersdorp

Op Saterdag 22 Junie het die ringe van Roodepoort, Losberg en Krugersdorp saam uitgereik na hawelose mense in Krugersdorp. Aanvanklik sou net sop en brood bedien word, maar uiteindelik kon 'n driegangmaaltyd voorberei word.

Teken in op
blitspos
Stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Net na 13:00 kom my groen bus tot stilstand voor die skool. In die kombuis is dit 'n miernes van bedrywigheid. Kos word vir 200 mense voorberei. Die dienswerkers word aangemoedig om met die personeel en die hawelose mense te gesels.

Nuus, berigte en
kort kommentaar
(uiters 100 woorde)
aan
produksie@nhk.co.za

Die kinders word vermaak en ontvang lekkergoedpakkies. Elkeen ontvang ook *My eerste Bybelboek*, en komborsies, serpe en wolmussies word deur die loop van die dag uitgedeel. Bybels en Liedboeke word ook uitgedeel.

Skakels

Webblad van die
Hervormde Kerk
www.nhka.org

Oral sit groepies mense en praat. Die tas met klere en skoene word in 'n oogwink opgeraap. Een jong man het 'n paar Nike-hardloopskoene gekry, en uitgedraf om sy vriend sy nuwe skoene te wys. Ek sien hoe 'n dienswerker haar baadjie uittrek en dit aan 'n jong vrou gee om die koue te trotseer. Nog 'n paar loopskoene het so voete verwissel – die ontvanger het met trots al die karre opgepas, want hy het nuwe skoene gehad om sy werk te kon doen...

Indien u nie weer
blitspos wil
ontvang nie,
stuur 'n e-pos na
karen@nhk.co.za

Kaartjies is gekoop en uitgedeel aan mense om in die skool te kan slaap. Met groot glimlagte is die kaartjies geneem, en dadelik het hulle gaan inboek. *Vanaand kry ek nie koud op straat nie. Dankie. Tannie, vir die groot bederf!*

Tydens aandete is daar geen tekort aan mense om die tafelgebed te doen nie – 13 hande het opgeskiet! Kos is opgeskep en daar is heerlik gesmul aan die koningskos.

Die redaksie aanvaar
verantwoordelikheid
vir die inhoud.
Menings deur
skrywers uitgespreek,
is egter nie
noodwendig die
beleid of standpunt
van die Hervormde
Kerk nie.

Tyd vir rondstaan was daar nie. Ons het die groen bus gelaai en gery. Daar is die Tower of Life 2 waar 15 dames gehuisves word, en The Cradle of Hope waar jong moeders en hul kinders tuisgaan. Ons ry ook na nog 'n skool waar kos gegee word aan diegene wat nie kon afloop om dit te kom haal nie.

Hier is nog baie werk en soveel mense met wie ons moet gesels om hulle positief te hou vir hierdie koue winter. Van die kommentaar wys dit duidelik:

“Elkeen het sy eie storie en seer. Die man is 44 jaar oud en hoor Maandag of hy 'n werk kry of nie. Dankie dat jy hom 'n bietjie hoop gegee het met jou gesprek met hom.”

“Hier is mense wat nie die R25 kan betaal vir een nag se verblyf nie. Ek is bly ek kon leer dat daar tog hoop is.”

“Vanaand het ek geluister en gehoor wat die mense soek. Hulle vra nie veel nie, net 'n roompie of Vaseline om die skurwe hande mee te smeer in die winter. Hulle het swart tee gedrink, want hulle het nie suiker of melk nie, niemand het gekla nie... Hulle was tevrede met die bietjie wat hulle kry.”

Tydens ons afsluitingsgebed sê ons dankie vir die voorreg om te kon dien. Om vir een dag 'n verskil in ander se lewens te kon maak. Om te aanvaar dit wat ek nie het nie, is niks, daar is baie wat niks het nie maar tevrede is met die aalmoese wat na hul kant toe kom.

Bewusmaking van die probleem en hoe daar gehelp kan word, dit het ons reggekry. Deur as 'n eenheid te werk, het die Werkgroep Armoede bewys dat die diakens se taak nog lank nie klaar is nie. Met die samewerking tussen die drie ringe in die Kerk bevestig ons dat ons as gelowiges hande moet vat en moet uitreik na God se kinders.

Hoe kan jy help? Skakel in by jou naaste Rata-kantoor, of kontak die ADV-kantoor.

Diak Mac van Zyl
Voorsitter: Algemene Diakensvergadering

Lief en leed

- Die volgende predikante verjaar tot 12 Julie, en word hartlik geluk gewens:
 - o Vrydag 5 Julie: Ds C (Carusta) van der Merwe (HTK/beroepafwagend)
 - o Maandag 8 Julie: Ds GJ (Geo) Smit (Potchefstroom-Suid)
 - o Woensdag 10 Julie: Dr DJC (Daan) van Wyk (jr) (Ebenhaëzer)
 - o Donderdag 11 Julie: Ds TL (Theuns) Botha (siekte-emeritaat)
 - o Vrydag 12 Julie: Prof JA (Jimmie) Loader (buiteland) en ds A (Anna-Marie) Kloppers (Rustenburg Jac van Belkum)

Gemeentes en bediening

- **Ds JBJ (Kiewiet) van Deventer** van Malelane het die beroep na Joachim Prinsloo/Ruskoppies aanvaar.
- **Ds WA (Willem) Dreyer** van Delareyville het die beroep na Lichtenburg-Oos bedank.



Ds Kiewiet van Deventer



Ds Willem Dreyer

Vergaderings

- Vrydag 5 Julie: Plesion Direksie
- Woensdag 10 Julie: Rata Direksie

Studentesake

- **Matrikulante en enige ander belangstellendes** wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in **2020 Teologie aan die Universiteit van Pretoria** wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om as student van die Kerk te studeer. Die evaluasiesgesprekke sal in die laaste week van Julie plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief **nie later nie as 26 Julie** bereik. Aansoekvorms kan aangevra word van ds Carusta van der Merwe (cvdm@up.ac.za).

Kerklike publikasies

Julie is kindermaand by die boekwinkel!!

Bestel van mev Sarie Roux by sentik@nhk.co.za

SP Engelbrecht-museum

- Die NHKA se Kerkmuseum, die **SP Engelbrecht-museum**, nooi u hartlik uit om 'n besoek te bring, enige dag per afspraak. Kontak ds Johann de Bruin by cjdb@telkomsa.net of 082 733 3951 op WhatsApp. Sluit gerus aan by ons Facebookblad "SP Engelbrecht Museum" vir wetenswaardighede en meer inligting. Ons is die grootste kerkmuseum in Suid-Afrika, en met verskeie temas en voorwerpe vertel ons die verhaal van ons Kerk sedert die vroegste tye tot vandag.

- **Fondsinsameling vir die Museum:** By die **SP Engelbrecht-museum is te koop:** 21 bokse ou hout **portretrame** (280) en 6 bokse raamglas – net 'n paar breë rame, andersins smal tot gemiddeld; alles mooi skoongemaak en gesorteer. Enkelrame vanaf R20, R50 en R100 plus. R2 000 of beste aanbod vir alles. 9 x beeldjies (13 x 11 cm) van **ds LGF Biccard** van Pietersburg (1875-1885) deur beeldhouer Phil Minnaar in 1986 @ R100 elk. 800 x **bronspenninge** van 1886-1986 Gemeente Witfontein wat gekies het om die NHKA te handhaaf in die tyd van die mislukte kerkvereniging @ R20 stuk. **Stel van 8 plakkate** oor die geskiedenis van die NHKA @ R250, of R45 per plakkaat (A2 = 600 x 420 mm): Predikante, Ouderlinge, NHSV, Nagmaal en Doop, Bybelvertaling, Kerkhervorming, Voortrekkers, Liturgiese Jaar. Ons kan dit via Postnet vir u stuur @ R99 per pakkie. Ideale geskenke vir kategesekinders en lidmate.

'n Gedig

Die laaste dae

Berigte van bloedige oorloë,
hongersnood en aansteeklike siektes
laat huise se mure verkrummel.

Telefone fluister onrus in bang ore
en peste sluip in die donker rond;
stakings en opstande lê drome lam.

Hongeriges plunder die lande kaal,
swerwende voëls is sugtende skaduwees.

Koerante, mantel na die wind,
slinger ou strate vol verdriet.

As die dood kom, hoor gewondes
voetstappe ritsel op papier.

Cas Vos

(Uit: *Enkeldiep*, 2003)

Toerusting

- **Tussenkerklike Raad: Donderdag 18 Julie 08:30-15:30**
400-jaar-herdenking van Sinode van Dordrecht
Paul Kruger-kerk Pretoria
Sprekers: Dr Gerard Meijer; prof Johan van der Merwe;
prof Wim Dreyer; prof Sarel van der Walt
Middagete word bedien
Gee getalle deur aan dr Wouter van Wyk wouter@nhk.co.za
Dr Gustav Claassen gustavc@ngkerk.org.za
Ds Cassie Aucamp anberg@absamail.co.za
- **Sentrum vir Kontekstuele Bediening, UP**
Premierkursus oor brugbediening
Week 1: 29 Julie – 2 Augustus
Week 2: 4-7 November
Kursusleier prof Malan Nel, 70 kursuspunte
Koste R2 200 (BTW ingesluit)
Kontak Hesmarie Bosman by 012 420 4952
Hesmarie.Bosman@up.ac.za

Barmhartigheid

- **Vakature vir pleegouers in die DPS-huis Krugersdorp.** (Dit sal waardeer word indien predikante hierdie inligting by die afkondigings van hul gemeentes sal insluit.)

Wat behels die pos?

- o U sal optree as versorger vir tot ses wetsbestede seuns.

Wie kan aansoek doen?

- o Persone tussen die ouderdomme van 30 en 55 jaar (verkieslik 'n getroude egpaar maar nie daartoe beperk nie).
- o Persone van ander kerkgroepe met dieselfde Christelike grondslag as die NHKA kan aansoek doen. Die persone sal egter vir die tydperk van hul aanstelling moet inskakel by die betrokke NHKA-gemeente.
- o Persone met 'n goeie aanvoeling vir kinders.
- o Geskikte kandidate moet bereid wees om psigometriese toetse te ondergaan.

Aansoeke sluit op 19 Julie 2019. Benewens 'n maandelikse kontantvergoeding, word gratis inwoning in die DPS-huis by die pakket ingesluit.

Kontak die volgende persone vir meer inligting:

Mnr O (Otto) Viljoen: 012 322 8885 / 079 495 2007 / 060 968 4907 /

kinderhuise@nhk.co.za

Mev SL (Suzanne) van Deventer: 066 477 8904 / suzanne@rata.org.za

Mev K (Kotie) van Niekerk: 060 968 4906 / kotie@rata.org.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R3 865 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**

Lewensreg te koop

2-slaapkamer @ R560 000

1½-slaapkamer @ R520 000

1-slaapkamer @ R515 000

Groot tuine om in te ontspan

Geen versorging

Daar is nou ook huureenhede beskikbaar

Skakel Ansie Lombard (bestuurder)

012 329 4318 / 084 920 8723



KRONENDAL-AFTREEOORD

Bewoningsreg te koop / Huuropsies beskikbaar

Kamer met badkamer vanaf R99 756

Slaapkamer, badkamer, sitkamer vanaf R212 116

Slaapkamer, badkamer, sitkamer,
kitchenette vanaf R245 721

2 slaapkamers, 2 badkamers, sitkamer,
kitchenette vanaf R387 016

Heffings vanaf R7 104 (3 maaltye per dag,
water, elektrisiteit en skoonmaak)

Gedeeltelike/volversorging beskikbaar
Aptek, biblioteek, haarsalon,
kelderparkering, 24-uur-sekuriteit



Vir afspraak skakel Wanie 012 941 1194 *312

Hoë om te troos wanneer waarde ontbreek Inligtingsessie deur ds Braam Klopper

Datum: Woensdag 24 Julie 2019
Tyd: 08:30 vir 09:00 tot 14:00
Venue: Every Nation Willows Church,
Farmweg 750, Equestria
Koste: R100 per persoon (sluit verversings in)
VBO-punte vir Etiek: 5

Ds Klopper het 32 jaar ervaring as gemeenteleraar
en 20 jaar as pastorale terapeut in hantering van rou

Uitnodiging deur:

sonjasmith 

Elite Funeral Group

Meyerspark | Tel: 012 803 0788 (all hours)

www.sonjasmith-funerals.co.za

FUNERALS WITH CARE, COMPASSION AND DIGNITY

Navrae en besprekings: 012 803 0788 meyerspark@ssfg.co.za

Fondsinsamelings

- **Rata: *Drive for a Child Masters***
Dinsdag 20 Augustus by Silver Lakes Buiteklub
Borg 'n putjie teen R2 500
R4 200 vir 'n 4-bal (2 gholfkaretjies, middag- en aandete ingesluit)
R5 000 vir 'n 4-bal plus putjiegorg (2 gholfkaretjies, middag- en aandete ingesluit)
Navrae: 082 081 3213 / info@driveforachild.co.za
www.driveforachild.co.za

Basaars

- **Gemeente Ottosdal: Oesfees**
Vrydag 30 en Saterdag 31 Augustus
Vrydagaand: Spitbraai en waenhuisdans in die Boere-uniesaal
R120 per persoon (volwassenes) en R60 per persoon (laerskoolkinders)
Saterdag: Uitstallers en kosstalletjies
Vir die kinders springkasteel, Lazer Tag en meer...
Navrae: rudi.jansevanrensburg@gmail.com

Betaalde advertensies in hierdie nuusbriëf

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbriëf geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). (Let asseblief op die nuwe koste.) Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

A person with a backpack stands on a rocky outcrop in the foreground, looking towards a large, dark mountain peak in the distance. The sky is a clear, pale blue. The overall scene is serene and contemplative.

Gebed vir die week

By U, Here, skuil ek,
laat my tog nooit teleurgestel staan nie!
Red my en bevry my, want U is getrou.
Luister tog na my en help my!
Wees vir my 'n rots om na toe te vlug,
waar ek altyd die veiligheid mag vind
wat U tot my redding beskik het,
want U is my rots en my vesting.
U, Here, U is my hoop,
op U, Here, het ek van jongs af vertrou.
U is my hulp van my geboorte af,
reeds voor ek in die wêreld gekom het,
het U my beskerm.
U loof ek gedurigdeur.
Moet my tog nie verwerp
nou dat ek oud geword het nie,
moet my tog nie alleen laat
nou dat my kragte ingegee het nie.
U het my van jongs af onderrig, o God,
en ek getuig nou nog van u kragtige daade.
Nou dat ek oud en grys geword het,
moet U my tog nie alleen laat nie, o God,
dat ek nog aan die nageslagte wat kom,
kan vertel van u werk en u mag.
U verlossingswerk, o God, is oneindig groot;
groot is die dinge wat U gedoen het!

Uit Psalm 71 (NAV)